Praat saam*

Siyavula Uploaders

This work is produced by OpenStax-CNX and licensed under the
Creative Commons Attribution License 3.0†

1 AFRIKAANS HUISTAAL

2 Graad 4

3 Module 19

4 PRAAT SAAM

4.1 Aktiwiteit 1

4.2 Om eie idees met ander s'n te vergelyk

Sê nou julle klas wil by die skoolhoof en die ander opvoeders toestemming kry om een hele dag 'n kitskos-restaurant te bedryf.

Al die sintuie van die opvoeders en leerders moet in só 'n mate geprikkel word, dat hulle almal kos by julle restaurant wil koop.

Verdeel in groepe van vier. Besluit nou hoe die volgende sintuie geprikkel gaan word:

(a) Oë: .....
.....
.....

(b) Ore: .....
.....
.....

(c) Neus: .....
.....
.....

(a) Tassin: .....

.....
.....

(a) Smaak: .....

.....
.....

*Version 1.1: Jun 21, 2009 5:46 pm -0500

†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Figure 1

4.3 Aktiwiteit 2

4.4 Om te leer om beurte te neem [LU 2.2.1]

Om die bespreking te help vloei [LU 2.2.4]

4.5 Om gepaste intonasie en gesigsuitdrukkings te gebruik [LU 2.2.7]

Die klas kies nou gesamentlik die beste voorstelle. Die groep besluit ook oor die volgende (dis slegs riglyne):

- Wat is die naam van die restaurant?

.....
.....

- **Watter soort kos gaan verkoop word?** (Onthou, dit moet goedkoop wees, maar smaaklik voorberei en winsgewend. Dit is baie belangrik.)

.....
.....
.....

- **Daar moet 'n klingel wees** wat op 'n bandopnemer opgeneem kan word sodat dit op die speelgrond gespeel kan word.

.....
.....

- Wat kan by julle skooluniforms gedra word om julle **voorkoms meer professioneel te maak?**

.....
.....
.....

Beplan al die besonderhede haarfyn saam met julle onderwyser! Elke leerder in die klas moet betrek word. Daar is geweldig baie beplanning en voorbereiding. Dink ook aan die volgende pligte:

- Wie gaan die kos voorberei?

.....
.....

- Hoe gaan die kos warm/koud bly?

.....
.....

- Wie is verantwoordelik vir die advertensie?

.....
.....

- Waar gaan die stalletjies wees?

.....
.....

- Wie gaan geld ontvang en kleingeld uitkeer?

.....
.....

Dalk het julle hierdie praatoefening só geniet dat julle opvoeder wél so 'n fondsinsamelingspoging wil aanpak.

Figure 2

5 Assessering

LEERUITKOMS 2: PRAAT Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

5.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

2.1 ervaringe, idees en inligting in verskillende kontekste vir verskillende teikengroepe en doeleindes oordra:

- eie en ander se idees en menings bespreek en vergelyk.

2.2 interaksievaardighede en –strategieë tydens groepwerk gebruik:

2.2.1 beurte neem;

2.2.4 help om die bespreking te laat vloei;

2.2.7 gebalanseerde en opbouende terugvoering gee.

6 Memorandum

Aktiwiteit 11 en 12 Praatvaardigheid